Die Heilige Gees kom tot redding van gelowiges en oordeel van ongelowiges!
(Joël 2:28-29)

**Pinkster is die vervulling van God se belofte deur die profeet Joël.**
**Nadat Jesus Christus deur sy kruisdood en opstanding verlossing vir sy volk bewerk het, het Hy die Heilige Gees uitgestort.**
**Die Gees werk geloof in die harte van sondaars, verenig hulle met Christus en maak hulle sy getuies in die wêreld.**
**Die uitstorting van die Gees bevestig God se genade aan almal wat hulle bekeer en in Christus glo.**
**Terselfdertyd herinner dit ons daaraan dat die dag van die HERE kom wanneer Christus as Regter sal terugkeer.**
**Daarom leef gelowiges met dankbaarheid, geloofsekerheid en gehoorsaamheid, terwyl hulle die evangelie verkondig en uitsien na die dag van Christus se wederkoms**